Klaagliedere 1

א Alef (silent)	A	Ag, hoe verlate lê die stad so leeg.
ב Bet (B/V)	B	Bondgenote het teen haar verraad gepleeg.
ג Gimel (G)	G	Geweldadig as slawe vasgekeer.
ד Dalet (D)	D	Die paaie na Sion toe treur.
ה He (H)	H	Here, U het haar laat ly in pyn,
ו Vav (V)	Wau W	weg het die prag van Sion verwyn!
ז Zayin (Z)	Z [U]	U het ellende op haar gelaai,
ח Chet (Ch)	Get [E]	eer het na veragting gedraai.
ט Tet (T)	T	Tot haar klere wys die vuil,
י Yod (Y)	Jod [J]	julle moet oor die tempel huil.
כ Kaf (K/Kh)	K	Kyk tog Here, ek word verag…

Lamed (L)	L	Let op die Here se toorn vandag!
Mem (M)	M	My liggaam word verteer deur vuur,
Nun (N)	N	nekke moet die swaar juk verduur.
Samech (S)	S	Slagting onder jong manne aangerig.
Ayin (silent)	[O]	O, daar is geen troos na die berig.
Peh (P/F)	P	Prostituut, stad so onrein, na die graf-
Tsadeh (Ts)	Sade [Y]	ysterkettings was Sy regverdige straf.
Qof (Q)	Kof K	Kinders het verniet om hulp gewaai,
Resh (R)	R	roekeloos het die swaard gemaai.
Shin (Sh/S)	S	Sal die dag kom dat U hulle straf,
Tav (T)	T	tot U hulle stuur na die graf?